

# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
Tweede Kwartaal 1994

# Vlae verander, Affies nooit







**"Hy's die vlae"**

**Stadig kruip die twee groen bondetljies teen die maste op. As die een vlag nie vinniger as die ander gehys was nie, sou ek nie geweet het watter een die landsvlag is nie.**

**Dis doodstil... Veraf kan jy die stadsverkeer hoor druis...**

**"Ontplooi die vlae"**

Behendig trek Tobie die tou, en soos 'n reënboog waterval vou die seskleur voor ons oop. Terwyl die skoolvlag sy voorbeeld volg, kon ek nie help om die vierkleur daarin te sien nie... En skielik skiet dit my te binne: dis ons vlag daardie! Stadig maar seker groei daar 'n trots. Dis ons s'n.

Die koor begin sing: "God sëen Afrika". Dan kyk ek om my. Almal regop en fier... en trots, selfs al sou sommige van hulle dit nie wou erken nie. "Die Stem", ons stem, dawer oor die land, en steeds is daar mense wat onmin stook.

Dit het tyd geword om saam te staan, soos ons en die Galle ook 'n vreemde maar hegte band het.

Soos op die vorige twee "vlagdae" (die eerste hysing van die Unievlag op 1 Junie 1928, en die finale stryking daarvan op 26 April 1994) is foto's geneem wat dié dae vir ewig in die anale sal laat voortleef. Ons, wat al 'n stukkie van ons lewens onder die oranje, blanje, blou geslyt het, sal dit verseker nooit vergeet nie, en die vlag (by elke ideale Affie) sal bly om ons aan 'n ryke stukkie geskiedenis van ons skool se bestaan te herinner...

Nkosi sikelel i Afrikaans.

## Koor neem oor

**Die afgelope jaar het Affies op nog 'n terrein 'n Groot Naam geword. Dis nou nie dat Affies nie 'n Groot Naam is nie, maar wie het nou kon dink die Affies kan só sing!** **(Vervolg p3)**

## Sing saam!

- Hanlie du Plessis -

Affies het in 1994 nie die Nuwe Suid-Afrika by die agterdeur laat insluip nie, maar ons het (ssos altyd!) die situasie op 'n unieke manier verwelkom.


Dit het begin by die koor wat uitgenooi is om by die nuwe president se inhuldiging te sing. As een van die twee kore wat gekies is om blanke kore by die banket te verteenwoordig, het die Affiesang die gaste se koppe saam met Waterkloof en Hammanskraal se kore laat draai en kon hulle die skool verteenwoordig by een van die belangrikste gebeure in die land se nuwe begin.

Die koor is ook deur CNN International genader om hul klanke op internasionale ore te laat val.

Die koor was egter nie al wat gedeel het in die feestelikhede nie, want op 31 Mei het elke leerling in die skool (wat aanwesig was) gesien hoe die nuwe vlag gehys word nadat die vlagpaal vir meer as 'n maand sonder 'n wapperende blanjeblou gestaan het.

Die einde van 'n era? Vir seker! Maar vir 'n skool wat sinoniem is met tradisie en leerlinge wat kan aanpas, lê die toekoms vol uitdagings. Nou kan ons ook sing: God seën Afrika, ons vir jou, Suid-Afrika!





*Denice Smith is een van twee Suid-Afrikaners wat gekies is om in 'n wêreldkoor te sing. Ons sien uit daarna om dit te hoor, Denice!*



*Die nuwe Vlag - 'n Geskiedkundige Oomblik!*

## Toetsrugby

-Q Harley

**Saterdag, 11 Junie - nog 'n belangrike datum op die sport en kultuurkalender van Affies: die tradisionele stryd teen die Souties. Voor die wedstryd was die statistiek sterk vir die Affies, wat onoorwonne in die liga is, maar uit ondervinding het die manne nie na 'n maklike stryd uitgesien nie. Boys' High speel rugby soos die Engelse leeus. Hulle gee niks om vir die provinsiale wedstrydjies nie, maar haal alles uit vir dié toets - die 86ste sedert 1923.**

Die hoofwedstryd was 'n baie goeie verteenwoordiging van die rugby van die dag. Harde rugby, mooi hardlooprugby wat enige oue van dae sal herinner aan die Springbok-rugby se goue era: die dae van Mannetjies Roux, Danie Gerber en ander Springbokke. Rugby wat enige man trots sou maak.

Die eindtelling moes na regte meer gelyk gewees het, maar die Wit Bulle het daarin geslaag om 19-3 voor te loop toe die eindfluitjie blaas - nog 'n oorwinning wat die Affie voorsprong een meer gemaak het, een moeiliker vir Boys' High om in te haal.



*Vlnr: Mnr At Oosthuizen (afrigter AHS), J Biddulph (afrigter PBHS), Deon Strydom (kaptein AHS), Naas Botha (gasspreker), en Colin Kult (kaptein PBHS)*


## BEURSWENNER

***AHMP se Franse onderwyseres, mev Anne-Marie de Munnik het 'n studiebeurs van die Franse Ambassade gewen om 'n maand lank na Frankryk te gaan.***

***Baie geluk!***

## KOS KRAAI (WEER EENS) KONING

- Ria van Wyk -



Dié tyd van die jaar sal jy pouses veral een van die volgende twee gesigte opmerk: of 'n groepie kinders wat baie gelukkig lyk en sit en kou OF kinders met honger, bedrukte, het-jy-vir-my-'n-chelsea-bun-uitdrukkings op hulle gesigte.

Nog 'n probleempie wat te gereeld opduik, is die eenkeer-in-'n-leeftyd-"gras-geselligheid" waar so 'n oorvloed van kos is dat jy verwoed probeer opmaak vir al die vorige honger pouses wat jy moes deurworstel.

Vir die Ek-hou-my-figuur-dop-organisasie wil ons net sê: jammer julle ouens, die meeste van julle ondersteuners is reeds afgerokkel deur die Hou-die-winter-vreetsaam-party, wat klaarspeel met enige iets wat klink na 'n pas-in-jou-matriekafskeidrok-dieët.

Maar daar's dalk hoop. Voordat ons weer daaraan herinner word dat ons as Putco-busse bekend staan, kontak mev Pieterse, of enige matriek wat in haar klas oplet.

"Ek sien haar rol."




## Akpolvasvra

- Carina Boshoff -

Op Vrydag, 6 Mei, het die jaarlikse Akpolvasvra, hierdie jaar oor Ernst van Heerden, plaasgevind. Hierdie jaar het slegs twee st 9-spanne deelgeneem, sodat die matrieks hierdie groot klomp werk gespaar kon bly. Na baie harde leer- (of leeswerk) en selfs die opoffering van 'n st 9-sokkie, het die Affies soos altyd hulle goed van hulle taak gekwyt. As daar 'n prys toegeken sou word vir die oorspronklikste antwoorde van die aand, sou die Affies los hande wen - daar sou nie eers kompetisie in sig wees nie! 'n Bonus was natuurlik die digter wat die geleentheid bygewoon het. Ons hoop volgende jaar se st 9's sal hierdie jaarlikse instelling net soveel geniet!

## Ons St. 8's is vreeslik vriendelik



## Die ideale onderwyser

- St. 7's -

...Mag maar 'n man wees

...moet 'n goeie sin vir humor hê, maar nie vir haar eie grappe lag nie

...moet meer as een keer per jaar afwesig wees sodat die kinders darem 'n bietjie kan rus

...moet my nie by 'n fliek groet nie

...moet my 'n kans gun om iets te sê

...moet my as haar witbroodjie beskou

...moenie te onregverdig wees nie

...moenie altyd dieselfde goed sê soos: "in die eerste instansie", "reg", "dankie, dames", ens nie


...moenie op een plek in die klas bly staan of sit nie

...mag nie koffie in die klas drink en ons lus maak nie


...moet rook as sy van plan is om op die kinders te skree sodat haar stem nie skril is nie

## St 6-pouse

- Liesel Bősenberg -



Op Dinsdag, 24 Mei 1994, het al die st 6e laer getrek by die grasperk langs die Musiekhuis. Onder die bekwame leiding van die voogprefekte is 'n perfekte sitsirkel gevorm en is allerhande lekkernye uitgedeel onder die st 6e en gewigsbewuste, uitgeteerde prefekte. Soos te wagte het die seniors met die uitgesoekte delikatesse weggeloop (die swartwoud- en kaaskoek verdien spesiale vermelding). Dit was 'n uiters geslaagde samekoms; groepsgees is gebou en elke sessie het ten minste een toffie en 'n tjip gekry.




**Soos die bottel 'n baba, verkwik Ingrid haar met die sap van 'n "guava"**

## LATYNDAG

- Zelmari Coetzee -

Latyndag 1994 was weer soos gewoonlik 'n dag om na uit te sien. Die Affies het hierdie jaar die gebeure van die pawiljoen af gade geslaan, maar besluit dat ons meer van 'n aktiewe lewe hou -- volgende jaar sal julle ons dus weer op die verhoog sien! Vroegdag al het ongeveer 800 Latynleerlinge in die amfiteater van UP saamgetrek om te kyk hoe hulle mede-lede-in-verdrukking vir een dag soos hulle Romeinse "voorouers" probeer optree. Die tema van die dag was: "Tunc et nunc" -- vir die wat nie weet nie: "Toe en nou". Met groot oorspronklikheid en styl is die verskillende tye se vervoer, troues, partytjies en hospitale uitgebeeld en is daar meegeding vir 'n gesogte eerste prys. Die middagete was eg Romeins -- sonder sout en koud. Die Romeine het immers nie Buffalo seesout (vervaardig in "see how they run"-fabrieke of mikrogolfoonde gehad nie.) Na 'n interessante dag weg van die skoolbanke af, het die Latiniste huiswaarts gekeer, bly dat ons "nunc" leef en nie "tunc" nie.

**Karlien Franken, een van die agt finaliste in die landswye Rooi Rose Top Tienerkok-kompetisie**





**Hanlie du Plessis en Liezl Kritzinger, Streekswenners van die Rapportryers - debatskompetisie**

## Junior Rapportryersdebatskompetisie

- Carina Boshoff -

"Julle kan nou maar gerus luister!" Affies het weer bewys dat hulle nie net puik atlete en vinnige swemmers kan oplewer nie, maar ook uitstekende debatteerders. Op Saterdag, 7 Mei, het Hanlie du Plessis en Liezl Kritzinger, die seniorspan, asook Carina Boshoff, Ciska Joubert, Marise Blom en Sunel du Toit, die twee junior spanne, aan die Junior Rapportryersdebatskompetisie deelgeneem. Hierdie kompetisie verg harde werk en baie navorsing. Ten spyte van strawwe kompetisie het Hanlie en Liezl, die streeksuitdun gewen. Carina en Ciska het ook hulle debat gewen.

Ons wens Hanlie en Liezl, asook die span van AHS baie sterkte toe met die volgende rondte. Laat daar lig wees waar ek haar sien wen!

## Vlootkadet van die Jaar!

**Evert Groenewald, die beste vlootkadet van die jaar, het 'n wisseltrofee ontvang en is reeds op 'n seereis as deel van sy prys. Aan boord van die SA Sederberg sal Evert se bootvaart vanaf Durbanhawe tot Tilburghawe in Engeland, drie weke duur.**

Hy sal op die reis navigator en stuurwerk doen waarvoor hy dan ook 'n stuurmansertifikaat sal verwerf. Baasseeman, Evert, is verbonde aan die Vlootbond se opleidingseenheid Devanport.


Evert het 'n taak saamgestel oor die beroepe ter see in die Suid-Afrikaanse Maritieme gemeenskap. Hy het ook navorsing gedoen oor die tradisies in die handels- en militêre vloot in Suid-Afrika.

Reeds in standerd sewe het Evert by die vlootkadetkorps aangesluit. Hy het sy belangstelling van sy vader, ook betrokke by die Vloot en die jare wat hul by die see gewoon het. Evert het reeds drie kursusse gedurende Desembervakansies op Saldanha en Simonstad voltooi.

Die vlootkadetkorps is 'n vrywillige organisasie wat onder die bestuur van die Vlootbond van Suid-Afrika staan. Hoewel albei die organisasies onafhanklik van die Suid-Afrikaanse Vloot funksioneer, kry hulle baie ondersteuning van die vloot.

*Belangstellendes in die vlootkadetkorps kan Neil Batsy (Devanport) 333-6391 kontak.*

# Koor neem oor...




**Vanaf bl 1**

Voor 1991, toe die koor die eerste keer aan die Direkteurs deelneem en tweede kom, was dit tabhoe om koor te sing. Alhoewel dit hier in die laat, laat tagtigs besig was om te verander, het dit steeds baie moed geverg om in die koor te sing. Mense wat musiek maak, is tog immers verfynd!

Maar dinge het baie van toe af verander. Baie sertifikate, 'n Direkteurstrofee en twee Goue ATKV-toekennings later, is die Affie-seunskoor: prestige. Maar noudat hulle harte verower het, sit hulle nie stil nie.

* Hulle was onlangs die Noord-Transvaalstreek se wenners in die Seunskoor Direkteurskompetisie.
* Hulle het 'n Goue sertifikaat in die Landswye ATKV-koorkompetisie verwerf.
* Hulle is uit al die deelnemers uit bogenoemde kompetisie vir die tweede agtereenvolgende keer uitgenooi na die ATKV Galakonsert wat hierdie jaar in Kaapstad gehou word saam met 7 ander kore van regoor die land.

Die Koor, wat hierdie jaar die Direkteurstrofee verdedig, was nog nooit so gereed om presies dit te doen nie. Nie net om te bewys dat Affies nie net 'n akademiese of sport of kultuurskool is nie, maar ook om musiek te bevorder, en God daardeur te eer...



*Versoek: Moenie op die logo loop nie.*
*Reaksie: Nou veg ons maar daarop.*

## Wiskunde-olimpiade

In die Ou Mutual Wiskunde-olimpiade het sewe Affies na die tweede ronde deurgedring: Jac Joubert, Leon Beukes, Cobus Potgieter (st 7), Willem Kuys, Charles More, André Nolte en Waldemar Sauer.

Daar was 24,126 deelnemers; 14,245 aan die senior kompetisie en 9,881 aan die junior kompetisie - slegs 1,000 senior en 500 junior leerlinge dring deur na die tweede ronde!



*Agter: Jac Joubert, Charles More, Cobus Potgieter.*
*Voor: Michael Gorden, Willem Kuys.*
*Afwesig: Leon Beukes en André Nolte.*

## Luister... bel... en siedaar!

**Daan Lessing het deur slegs goed te luister die Pretoria Bemarkingskollege en Radio Tuks kompetisie gewen - R300 vir hom en R100 vir die skool.**

Daan kon die twee diplomas wat deur die Pretoria Bemarkingskollege aangebied word, reg benoem en het die antwoord "ingebel".

Die luister na die advertensie het vir hom 'n sakgeldjie in die sak gebring.


## Winkelspruit '94

Frans Malan

**Tydens die vakansie het 'n stuk of dertig van die seuns en meisieksool se leerlinge die Winkelspruit ACSV-kamp bygewoon. God het (werklikheid geword) deur die Here en veral diepliggende seer is deur trane heen genees - selfs by die hardste van die seuns.**

Die fisiese aktiwiteite was net so opwindend: puik weer het vir ure se genot op die strand gesorg, terwyl die georganiseerde groepspele spangees aangewakker het.

Elkeen wat die kamp bygewoon het, moet toegee dat Jesus Christus soos 'n vriend geword het wat alles saam met jou geniet. Aan Hom die eer vir Winkelspruit.



*Waldeman Sauer is onder die veertien beste leerlinge wat aan die tweede rondte van die Rekenaar-olimpiade gaan deelneem.*

## DIE GEES VAN 'N AFFIE...

Johandries Combrink

**Jy kan die gees in die skoolgeboue soek. Jy kan dit in die skoolkleure en wapen soek. Jy kan dit in die tradisie en geskiedenis soek. Jy kan dit by die skoolhoof of eerstespankaptein gaan soek.**

Jy kan soek totdat jy blou word. Jy kan dit selfs by die dirigente soek! Jy sal die gees nie kry nie - nie in die bekers of trofeë nie.

Nee, daar is net een plek waar jy die gees sal vind - in die hart van elke Affie.

Daardie sagte, warmgevoel vir jou skool, daardie onbederfbare "gees", daardie wil om jou bes te lewer - daar is die gees.


Dis dit wat die ware Affie in jou laat uitkom - daar op die rugbyveld of pawiljoen. Dis dit wat jou daardie knop in die keel gee, wanneer die vlag die laaste keer gehys word. Dis dit wat van jou 'n kampioen maak, 'n persoon met integriteit, 'n ware ambassadeur van Affies. Dit is onbetwisbaar - die Affie-gees.




*Die prefekte en hulle ouers het vir dr Edwards 'n verjaardagtee gegee. Wonder net wat gaan met die wyn gebeur?*

# The Mission

**Doel:** Bevegting van die Nare. WHG-virus (Wiskunde Hoër Graad)
**Metode:** Naarstigtelike deurnagtelike inwinning van kennis.
**Waarneming:** Tonne Optimisme loop uit in totale mislukking (sien diagram A en B - aangeheg).
**Gevolgtrekking:** Baie ouers sal nooit hulle seuns se Wiskunde-vraestelle sien nie... (sien veral diagram B)





# Oud-Affie van die Kwartaal

# BLACKIE SWART

**Mnr Blackie Swart (gebore 9 November 1938) het aan die einde van 1957 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool gematrikuleer.**

Sedert 1958 het hy argitektuur aan die Universiteit van Pretoria studeer en in 1963 was hy vir drie maande op 'n studietoer (onder leiding van prof Strauss Brink) na Italië." Dieselfde jaar is hy ook uitgesonder met die Fakulteitsprys vir die beste vyfde jaar student vir Ontwerp en Boukonstruksie.

Reeds in 1965 word mnr Swart lid van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte, en van die Jan van Wyk Argitekte span, waar hy dan ook later vennoot geword het.

Talle buitelandse studie toere is onderneem soos die ses maande na Italië, Griekeland en Spanje om die Middellandse See Argitektuur met paralelle in Suid-Afrika te bestudeer (1965); die studie van hoë geboue in Amerika (1969), die Industriële Argitekteur in Switserland is bestudeer (1973). In 1976 is die "Habitat Forum"-kongres in Vancouver, Kanada bygewoon.

Mnr Swart het reeds in 1977 referate oor Kleurlingbehuising gelewer, en oor die rol van die argitek in die daarstelling van 'n woonhuis. Hy was vir jare voorsitter van die Studiegroep van Pretoria se argitekte, en lid van die Sentrale Pleinkomitee.

Mnr Swart word ook hoog aangeslaan as kenner van Ontwerp en was reeds vanaf 1978 eksterne eksaminator vir finale jaar Ontwerp. In 1987 is hy die Assessor vir Energie Doeltreffende Ontwerp (geborg deur Evkom).

In 1979 het hy sy eie praktyk - Blackie Swart Argitekte begin en vir homself naam gemaak. Hierdie oud-Affie het ook sy kennis en gewig stewig agter Affies se nuwe koshuis ingegooi.



### Argitekspraktyk benadering:

Blackie Swart Argitekte beskou die personeel as sy belangrikste bate. Om dié rede word gesonde en innige verhoudings in 'n atmosfeer van openhartigheid gehandhaaf. Goeie menseverhoudings bring mee dat die praktyk as 'n eenheid fungeer. Een spanlid word nie as belangriker as 'n ander beskou nie en elkeen se bydrae word geag. Senioriteit is nie iets wat afgedwing word nie, maar is eerder gegrond op spontane wedersydse respek.

"Die platvorm is nou gevorm om 'n potensiaal in Suid-Afrika te ontsluit tot ongekende voorspoed. Daarvoor is individuele motivering, toegewydheid en lojaliteit nodig. Ons gaan 'n opgewonde tydvlak binne."

# Meester-kampioene

**Mnr Hennie Kotze en sy vrou, Hanlie, het op 15 en 16 Mei aan die eerste Afrika Meesterkampioenskappe in Durban deelgeneem en kan nou as meesters die eerste keer internasionaal kompeteer. Die Wêreld Meesterkampioenskappe vind volgende jaar in Buffalo in Amerika plaas.**

Mev Hanlie Kotze het die hoogspring met 'n hoogte van 1,74m gewen, 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord.

Mnr Kotze het die 400 m (49,7 sek) en die 400 m hekkies (54,8 sek) gewen en daarmee twee nuwe Natal rekords opgestel.

## Luister en jou siel sal lewe

Die leuse van David Livingston: "Ek het besluit om nooit op te hou voordat ek my doel bereik en by die end van die ingeslane weg aangekom het nie" - Deur 'n onwankelbare volharding en geloof in God het hy oorwin.

# Briewe

## Affie-ondersteuners

*Die eerste helfte van 1994 is reeds geskiedenis, en danksy u nog 'n deel van Affies se trotse en roemryke verlede.*

*Elke Affie, u as ondersteuners, ouers, leerlinge en oud-leerlinge se ondersteuning, aanmoediging, lojaliteit, harde werk en al die positiewe insette ten opsigte van die skoollewe, verdien weer eens 'n groot dankie.*

*Al ons suksesse kan voor die noue saamleef-en-werk-band se deur gelê word. Die fondsinsamelingsprojekte het die ruim harte van die Affie-gemeenskap onderstreep - ons kon omtrent R1,900 vir Kindersorg en R2,660 vir die Nuwe Wending-skool oorhandig. Dit wil gedoen word! Daarvoor sê die Standerdraad en personeel: baie dankie!*




*Arnold oorhandig 'n Affie-briewemessie aan dr Alberts , hoof van die Nuwe Wending-skool, nadat Tobie die tjek vir die skool se leerlinge oorhandig het.*



*St 6B se wenkoek vir die meeste geld ingesamel vir Kindersorg.*

*Ons sien uit na die laaste deel van die jaar en hoop om u almal ook by die Wildfees te sien.*

***Affie-groete***
***Stroom-op Redaksie***



# - Bewaar jou waardes -

## Enkele gedagtes deur mnr Renier Schoeman, LP, Adjunkminister van Onderwys op 16 Junie 1994

**"Die Regering van Nasionale Eenheid, het besluit dat vanjaar gebruik moet word om spesiaal die klem te plaas op die belangrikheid van 'n gesonde leerkultuur in al die onderwysinrigtings van Suid-Afrika. ...Wat Suid-Afrika nou nodig het, is 'n jeug wat die meeste gaan maak van die onderwysgeleenthede wat vir hulle voorsien word, sodat ons goed ontwikkelde mense kan hê wat ons land vorentoe kan neem. Vorentoe op ekonomiese gebied, vorentoe op die gebied van menseregte, en vorentoe op 'n pad van vrede en versoening.**

Die voorvereiste vir sukses van die proses van onderwys en opvoeding, is of dit 'n leerkultuur behels!

Wat behels 'n sogenaamde leerkultuur? Dit is in die eerste instansie 'n kultuur waar onderrig en leer ongehinderd kan plaasvind; waar ook kulturele en geloofswaardes ingeskerp word en geleenthede geskep word vir die ontwikkeling van die liggaam, vir gesonde sosiale ontwikkeling en die ontluiking van 'n eie individuele identiteit.

'n Leerkultuur behels 'n stabiele ouergemeenskap wat mede-verantwoordelikheid vir 'n skool en sy welsyn aanvaar en aan die skool op allerlei wyses steun verleen, soos op voorbeeldige wyse die geval is met Afrikaans Hoër.

'n Ware leerlingkultuur is slegs moontlik waar die onderwys vry is van destabiliserende politieke kragte.

Die stabiele kern van suksesvolle onderwys wat wel bestaan, moet behou en benut word en natuurlik waar nodig oordeelkundig aangepas word om veranderende omstandighede te akkommodeer. Die uitdaging van die onmiddellike toekoms is om op gebalanseerde wyse dit wat werk in die onderwys en die toets van regverdigheid en billikheid deurstaan, te behou en te benut.

Daar is talle wyses waarop daar uitgereik kan word na mede Suid-Afrikaners wat smag na vrede en normaliteit in hulle daaglikse lewe, ook op onderwysterrein, en ek hoop dat Afrikaans Hoër as 'n toonaangewende Afrikaner Onderwys-inrigting hierin steeds 'n voorbeeld sal stel.

En terwyl ons uitreik na ander tale en kultûre, moet ons ook opnuut vir mekaar sê dat ons eie taal en kultuur, ons geloof en waardes, al is dit beskerm deur die Grondwet, nie vanself sal voortleef en bloei nie. Ons moet dit self dra en ywerig bevorder. Wees dankbaar oor julle voorreg om in julle Moedertaal onderwys te ont-vang; daar is geen beter leermedium nie. Ook dit is deel van julle leerkultuur. Bewaar dit. Ook julle kultuur- en geloofswaardes wat hier aan julle voorgehou word en deel van julle opvoeding is - ook dit is deel van julle leerkultuur. Julle standaarde is net so kosbaar. Werk aan die behoud daarvan omdat 'n mens net ander kan ophef as jy nie self terugsak nie!

Ontwikkel julle potensiaal maksimaal, want voor julle lê daar groot uitdagings in die nuwe Suid-Afrika. Elkeen van julle in hierdie saal kan 'n verskil maak aan hoe die nuwe Suid-Afrika gaan lyk. Carpé diem - gryp die dag en maak Suid-Afrika 'n beter plek vir elkeen om in te woon."

## Redaksie:

**Redakteur:** Quentin Harley
**Akademiese redakteur:** Murray J van Schalkwyk
**Kultuurredakteur:** André du Plessis
**Sportredakteur:** Chris Swart.
**Verslaggewers:** Jackie Kruger, Johandries Combrink, Amir Zarrabi, Jac Joubert, Jacques Malan, Walter Dunn, Scrooge, Marcelle du Plessis, Barry van Wyk.
**Hooffotograwe:** Hendrik van den Berg, Coenie de Villiers en Henk Venter.

## Sê vir almal

## Ope dag:

***Voornemende sesse Woensdag, 17 Augustus om 14:00 in skoolsaal***

# KULTUURVROU VAN DIE KWARTAAL

BESKRYWING VAN HOUER/DESCRIPTION OF BEARER
SIGNALEMENT DU TITULAIRE

Naam / Name / Nom: WENETTE JACOBS

Plek en datum van geboorte / Place and date of birth / Lieu et date de naissance: SUID-AFRIKA SOUTH AFRICA 02-09-1976

Lengte / Height / Taille: 1,55 m — Kleur van oë / Colour of eyes / Couleur des yeux: BLOU — Woonplek / Residence / Domicile: SUID-AFRIKA SOUTH AFRICA

Geslag / Sex / Sexe: V — Identiteitsnommer / Identity number / Le numéro de la carte d'identité: 7609024070007

BESTEMMING: VLAANDERE

PRESTASIE: OPSTEL-WENNER VAN VLAAMS-SUID-AFRIKAANSE KULTUURSTIGTING

BAIE GELUK EN STERKTE!

Portret van houer / Photograph of bearer / Photographie du titulaire




Uitgereik te / Given at / Delivré à

Datum / Date / Date: 1993-09-28

Die geldigheid van hierdie paspoort verval op / The validity of this passport expires on / Ce passeport expire le 1998-09-27 tensy dit hernieu word ** unless renewed à moins de renouvellement

Direkteur-generaal / Director-General / Directeur-général



Esther Liebenberg het ook goed presteer in die Vlaamse Opstelkompetisie

## Daar's 'n vlieg in my sepie

- Annelet Jordaan -

Die 4e Junie was die aand waarop die aktrises van die Afrikaanse toneel hulle debuut gemaak het met "Daar's 'n vlieg in my sepie". Om 'n toneelstuk op die planke te bring, is geen grap nie, maar die hele toneelspan het hulle meesterlik van hulle taak gekwyt.

Terwyl die gehoor gesit en vergaan het van die koue (darem nie van verveling nie!), het die Affies hulle Oscarvertoning gelewer. Hulle was tweede in 'n program van vier tonele. Die toneel en die aktrises het groot byval by die gehoor gevind en al vyf aktrises het hulleself oortref.

Mevrou Human se regie verdien beslis applous!

Aan die einde van die aand is die harde werk beloon met 'n eerste plek en was daar geen vlieg in die salf nie, behalwe Yolindie wat almal 'n paar benoude oomblikke besorg het. Sterkte vir die volgende rondte!

## Tradisiehoekie






Foto's is soos rooiwyn - dit word al beter met die tyd. (1960)



Boetie, sy's 'n perskeblom... (1960 - Sosiaal van AHM en AHS)





## Vakansiedae

- Die jonge kanonne -
("The young gonners"
Bõ, Slick en Sims)

Dit was lank, lank gelede in die wilde woeste van die akademie. Die son het al hoog geglimmer toe ons, die jong kanonne wat toe nog die vlaktes van verdriet geterroriseer het, die Affie-"saloon" die middag van 26 April verlaat het. Ons was bedwelm deur chemiese drankies wat nie met spysverteringskanale wou akkordeer nie. Braaf het ons ysterperdjies opgesaal en die missie was duidelik: daar moes met die huiswerkmonster afgereken word.

Gewapen met Parkerkalibers het ons die lang tog aangepak na die Grot van Versugting. Ons was vasberade - ons sou nie met ons laat mors nie. Staedler-"messe" is geslyp en vitamienpille is gedrink. Ons... was voorbereid.

Baie gevare en onweerselemente is getrotseer: die Berge van Beproewing, die Riviere van Differensiasie en die Winde van Verandering. Uiteindelik het ons voor hom gestaan: hy was groot en lelik en 'n knoffelwalm het om hom gehang. "You seem like decent fellows! I hate to kill you!" het hy te midde van knoffeldampe gehyg. Voordat hy ons weer kon verknoffel, het ons ons Rollerball Parkers uitgepluk (kaliber 343-1881 (Tel: huis) en vinnig gevuur. Danksy die supersoniese snelle herlaaiaksie het ons vinnig met hom afgereken. Ons het ons "Ultra Cool Raybans" opgesit en soos die helde wat ons is in die sakkende son weggalopeer...

Die einde

**REDAKSIE '94**

**Redaktrise:** Hanlie du Plessis
**Subredaktrise:** Wenette Jacobs, Ria Potgieter.
**Verslaggewers:** Elmien Kraamwinkel, Ria van Wyk, Liesel Bösenberg, Marlize Maré, Karin Jordaan, Karlien Franken, Zelmari Coetzee, Carina Boshoff, Annelet Jordaan, Madri Bleeker, Liane Mulder.
**Spotprenttekenaars:** Tanya Potgieter, Andri Greeff.
**Fotograwe:** Marleen Zarrabi, Da Silva Pietersen, Nadine Bober, Germari Pieterse.

## Matriek-akademie

- Hanlie du Plessis -

Hierdie kwartaal het meer as net somerweer en die eerste hokkiespan die onderspit gedelf - die matrieks het ook gely. Ek verwys nie nou na die tonetrappery op die Matriekbal nie, maar na die Matriekakademie! Want die kwartaal is ons aanhoudende vakansie onderbreek deur 'n paar dae skool nou en dan.

Bitter vinnig het ons begin wonder wat die sin van skool was. Was dit om te luister na swak sarkasme van "Die Groen" (dankie aan die eerste rugbyspan!), om geld by 'n st 6 te leen vir 'n "Chelsea bun", of vir die soveelste keer te hoor jy moet jou Swart Meraaias optrek as jy êrens in die lewe wil kom?

Maar dan, net per ongeluk, loop jy jou vas in 'n Wiskundesom wat mej Niebuhr nie eers kon regkry nie. Of mev du Toit sê dat jou kinetiese en potensiële energie 'n verskil maak aan jou Skei-Natpunt. Net dalk analiseer jy jou gedig beter as die Taalboffens. En in 'n oogwenk het jy moed. Dan onthou jy nie meer jou winter LO-periodes of hoe jou klas verdwaald rondpik tydens JW nie.

Al wat jy weet is swôt, of studie of net gewoonweg tandekners is die ding om te doen as jy in matriek is. Want in Affies is akademie mos "tops"..

## Engelse Toneel

- Karlien Franken -


Mev Mieta van Vuuren is die tipe mens wat van 'n houtpop 'n Pinnochio kan maak. Wat verwag 'n mens dan anders van 'n volbloed oud-Affie?

Die 6e Junie was 'n aand waarvoor vyf skole, nl Affies, Pro Arte, PretoriaTechnical High, Willowridge High en The Glen High bloed - volgens die cliché - gesweet het, breinselle gerek het en toe, uiteindelik het die beoordeelsdag aangebreek.

Met hulle "The Dreammaker" het Pierrette en Pierrot almal in hierdie fantasie betower. Met Pro Arte aan die woord het almal regop gesit met die man en vrou wat oor meer as net koeitjies en kalfies gesels het in 'n meer as doodgewone taal. Die verrigtinge het glad verloop en Pro Arte se eienaardige paartjies is met die louere bekroon. Die Affies het waardig uit die stryd getree met hulle derde plek. Almal wat bygedra het tot die sukses van hierdie toneelaand, verdien 'n klop op die skouer.

## Matriekbal

- Marlize Maré -



Matriekbal! As dit 'n voorsmakie was van hoe ons meisies op die Matriekafskeid gaan lyk, beloof dit om 'n gala-geleentheid te wees!
Hierdie jaar (soos 'n aantal vorige jare) was AHM die gasvrou van die tweede grootste matriekfunksie, die Matriekbal. Te midde van Biologietoetse, die verkiesing en 'n aantal ander...struikelblokke, is die funksie ingepas op die 21e April.
Alhoewel die dansery aan die begin met stampe en stote verloop het, het die musiek weldra gesorg dat dinge gladder verloop. Namate die aand gevorder het, het die dansmaats dit reggekry om mekaar in die oë te kyk en nie net na mekaar se voete nie. Anne-Marie en haar dansmaat is natuurlik nie ingesluit by die paar sukkelende Fred Astaires en Ginger Rogerse nie.
Tydens die Bal is etlike nuwe vriendskappe gesmee - nie noodwendig met die oorspronklike metgesel nie. Tekens van die Bal was ook die volgende dag sigbaar: die klasse was besonder stil agv die slapende matrieks en ongewone haarstyle was sigbaar.
Die aand was nietemin 'n groot sukses. Baie dankie aan die prefekte van die Sosiale Komitee vir al die reëlings. St 9's, ons kan nie wag om te sien wat die matriekafskeid inhou nie!


Vissie-agie
Ek kyk op...
if looks could kill
Zorro alias
Johannes Stephanus Maritz
Mamushka
Die eerste ofisiele Boomspan
oefening
Boertjie!
Aag, liefies...


BY FAKKEL-LIG Karel Schoeman
WAAR'S DIE LIG?!
SWART KAT. . .UH-UH. . . SWART GORDEL
BOKKIE EK WIL JOU HÊ!
K O U E   K R E A T U R E
31 Mei 94
Beter betrekkinge met Boys' High...
Tradisie in die Nuwe Suid-Afrika!
Hoe nou, Juffrou !
Sooo...(en kan almal my ring sien?)

# 'n Babelse verwarring?

- Elmien Kraamwinkel -

Gelukkig vir die Affies en onderwyseresse is dit nie verpligtend om al elf die nuwe landstale by alle geleenthede te gebruik nie, anders sou:

- pouse nie bestaan het nie (met slegs een landstaal, word pouse al klaar korter gemaak agv al die afkondigings)
- Affie Artes dalk vyf weke, of dalk vyf maande lank moes wees ipv die aanvanklike vyf dae
- mej Venter glad nie by die SAUK kan aansoek doen nie (nav die Russiese Comrades-wenners)
- Boerneef verward rondgetjank het agv naamverwarring ("Farmer cousin"?)
- mej Niebuhr nie net twee maande uitgewerk het aan die nuwe rooster nie, maar heelwat langer aangesien st 6 en 7 nog agt nie-eksamen vakke by sou gekry het.



## Stroomlangs

- Na Alrita se keppie-"boost" hoef geen meisie meer groen van jaloesie te wees oor AHS se skooldrag nie...
- Biologie-onderwyseresse word benodig as die beoordelaars vir die "Victrix Atrium"...
- Mej Venter, ons sou graag meer van die skryfbehoeftestaaltjie wou hoor...
- Mev Uys het iewers gehoor dat die Affies partykeer op hulle ore sit - toe hou ons maar staande saal...
- Esther Liebenberg is nog steeds baie opgewonde oor die Vlaamse kompetisie...
- Ons het 'n nuwe Picasso in Affies ontdek - pasop vir Anthia en haar Tippex...
- Stroomlangs hoor mnr en mev Snyman het besluit dat die personeelkamer sal doen...
- Die tweede span beweer dat Waterkloof nog die ordentlikheid het om kinders te koop - die eerste hokkiespan VAT net speelsters...
- Die prefektekamer het uiteindelik sy Zappit-in-die-Gittiblik...
- Hanlie doen navraag oor lesse in die werking van elektriese apparaat...Les een sal handel oor die aanskakel van mikrofone voordat dit klank deurlaat...Die Matrieks wonder ook of haar van eendag du Plessis gaan bly...
- "Aloha" aan mev van Schalkwyk...Stroomlangs hoor dat sy reeds 'n uitnodiging ontvang het om die Bahamas te besoek..

## - Mev. Snyman
## - Die personeelkamer
## - By fakkellig





**VIR SHELDON: 'N WOERIE-DOEDIE**



**VIR FANIE: SUIKER-MAMMIES**



**DEON? "BALLADE VIR 'N ENKELING"**

## My Blindvorsman

(met apologie aan "Blinkvosperd")

-Kakebenia en die Koekkluksklan -

O, ek het 'n man
'n mooi sterk man
en ek gaan om hom te vang


en ek bel Rent-A-Gent
want ek het net 'n sent
dit is "rent one get one free"

as ek hom wil hê
het hulle gesê
dan moet ek hom gaan haal


en ek vang toe 'n bus
wat ek ampertjies mis
en gaan kry hom by Pretoria-Sentraal.

## My droom - ou


### St 6e





### St 7's




### St 8's




### St 9's en matrieks




## Sê-goed

Mej Niebuhr:
- Julle kan maar die deur toemaak. (!!!)

Mev Pienaar:
- Dit is nou Grieks, maar dit sal later Duits word.


Mev Uys (en Alrita):
- If you don't keep quiet, I'll smash your face!
  Alrita:
  I get your man very sorry, ma'am!

Mev du Toit (nog steeds):
- Staan dat ek julle kan groet.

Mej Kruger:
- Ek gaan jou in die kamertjie toesluit!

## Stel jou voor. . .

...Alrita sonder 'n mond
...Anneke sonder haar ma
...Emma sonder verskonings
...Denise sonder 'n stem
...Christel Botha sonder die "Pick-up society"
...Jean Els sonder water
...mev van Vuuren sonder "Are you with me, girls?"
...mev Jessen met blonde hare
...Nanette sonder Christiaan
...mev Muller rig netbal af



## KOMPETISIE

Hierdie kwartaal is gekenmerk deur die nuwe en die oue. Nou verwys ons nie net na die vlagpaal nie, maar moet ons ongetwyfeld nog 'n paar goed in aanmerking neem. Dit is AHS en hul 1e span kaptein se metamorfose en natuurlik die uiters geslaagde "Keppie Boost". Soek die 5 DUIDELIKE verskille en gee jou vorm by mej Visser se klas in.







# The Revenge of the Nerds



KRIMS XV-tal



NERDS XV-tal



**Ja, daar is nou nog 'n tradisie voor die Boys' High "game". Die Nerds teen die Krims.**

Die Kriteria:

* moet goed inpas by die span (en sy naam) mag nie die volgende dag in 'n wedstryd teen Boys' High speel nie.

* moet in matriek wees.

Dit het dan ook so gebeur... Die spanne is saamgeflans en het selfs een keer geoefen voor die groot stryd... (ons sal natuurlik ook nie hard-op noem dat die arme st 9-sesdespannetjie teen die Nerds verloor het nie...)

*****

Die spanne is op die veld. Die "cool" skeidsregter (hy mag nie in een van die twee groepe val nie) blaas die fluitjie... en die bal trek jou werklik deur die lug! Dit was 'n bloed-dorstige stryd (maar baie dorser as die bloed deel) en die spanne het met en sonder mnr Kriek se besondere bemoeiens (hy moes maar swaar gesien het met die "shades" wat hy by die Nerds gekry het: omkoopgoed).

Waar was ek,... o, met en sonder mnr Kriek se blaaswerk (Inteendeel, die Krims het baie meer as hy geblaas)... met en sonder mnr Kriek se hulp, punte aangeteken. Dankie tog, volgende sin!

Toe, in die doodsnikke van die stryd ('n paar stukkies pragtige rugby later) was die Nerds een punt voor: 16-15. En met 'n pragtige lopie, druk die Krims 'n drie - wat nie tel nie ... want die vlagman het sy landsvlag geswaai...

Dit wys jou - akademie sal altyd seëvier, of hierdie jaar in elk geval! Volgende jaar sal hulle maar twee Krim-spanne teen mekaar moet laat speel... daar is nie genoeg "Nerds" nie!

*****


Dié wedstryd ook gesien, gehoor, gepraat... uit 'n ander verslaggewer se waarnemings! André du Plessis wonder...

Dit wil blyk asof die 88,97% gemiddeld wel die Nerds tot oorwinning gelei het, maar daar was ook ernstige bedenkinge oor die skeidsregter se sig (aldus die belaglike sonbril) en sy onpartydigheid (oorhandiging van R20-note in die Wiskundeklas - Arnold!) Die feit bly staan dat 'n mens tog met behulp van Trig en differensiasie drieë kan druk.

Verder wil dit ook lyk asof Boys' High van dié kragmeting van die eeu gehoor het, maar ongelukkig het hulle net bietjie laat opgedaag om die wedstryd te sien. Hul entoesiasme kon gesien word aan die drie jong latte waarvan die Affies veel meer gesien het as gewoonlik... Nadat daar bietjie oor-en-weer gesing is, is die dag goed afgesluit, en die afwagting van Saterdag se slagting het begin...

**Stilte voor die storm, Koegelbabe??**

## Sportsaal akademies ingelyf




**Die nuwe sportsaal wat verlede jaar in Desember voltooi is, is op 'n ietwat gedempte toon ingelyf. Die bykans 400 standerd sewe en agt leerlinge lê hulle eksamens daar af.**

Volgens hierdie groep "bevoorregtes", sou hulle dit anders wou gehad het, maar behalwe vir die effense koue was dit darem heel "gemaklik" en 'n hele "nuwe ervaring".

Die lokaal is vir hierdie doel aangewend omdat dit die onderwysers se toesig oor die leerlinge tydens eksamens aansienlik vergemaklik.

## Arme Akademiese Wrak !





## NOTE BENE

**'n Bekende onderwyser van die Afrikaanse Hoër Seunskool is aangekla vir kuikenmoord op 'n jong, onskuldige proefstudentjie. Die student is vroeër gereeld in die snoepiemagasynmeester se klas opgemerk.**

Die identiteit van die kuikenmoordenaar is soos volg saamgestel: om en by 5.9, blond (natuurlik), bekend vir sy "polly-shorts" en neongeel sonbril. Ry 'n Uno Fire! Baie goeie kennis van die anatomie van die aardoppervlak, veral berge en dale. 'n Groot bedreiging vir enige persoon onder 55 kg.

*Altyd op die loer!!!*



**Affies Wildfees**

aangebied deur

**Afrikaanse Hoër Seunskool**

en

**Afrikaanse Hoër Meisieskool**

**Saterdag, 13 Augustus 1994**

Kaartjies : R 60.00 per volwassene
R 30.00 vir leerlinge


Dit sluit 'n onvergeetlike spyskaart, wyn, mampoer en eksotiese tafel, byvoorbeeld gebraaide mopaniewurms, gerookte pofadder, gemarineerde krokodil in. Daar sal stalletjies wees waar Affie-wyn, tuisgemaakte gebottelde konfyt, atjar, kerriegroente ens. te koop aangebied sal word.

Vir verdere navrae kontak mev Louwtjie Venter by 344-3805

# Mini-land-loop: wat 'n fees!

- Karin Jordaan -



Amper tot die ontsteltenis van vele Affie-hardloop-malles, is die mini-landloop-olimpiade uitgestel (darem nie afgestel nie) tot Woensdag, 25 Mei. Wat 'n fees! Die gretige Affies het in hulle menigtes opgedaag in die snaakste uitrustings denkbaar: van B a s o e - toe-kombers-draers tot die nuutste groen "poly-short:" en NIKE-tekkies. Die roete was darem nie te uitputtend vir selfs die moegste (luiste?) st 9 of kortste st 6 nie. Die verrigtinge was binne 'n uur afgehandel (dalk 'n nuwe rekord!) en almal is fikser en fermer huis toe. Ek is seker die matrieks is nou nog groen om die kiewe van jaloesie!



Vinkel en Koljander - die een speel tennis soos die ander. . .




Moenie met ons sukkel nie! Ons kan onsself (be)skerm!

# Hokkie '94

- Liane Mulder -





Afrikaans Hoër Meisies se hokkie is van 'n hoë standaard en uit die boonste rakke! Ons hokkie-aanhangers spog al te graag oor ons buitengewone prestasie, nl dat sewe van ons b e k w a m e hokkiespeelsters 'n plek in die Noord-Transvaalse hokkiespanne kon losspeel. Die speelsters is: Marleen Zarrabi en Suzaan Cullen in die o/18A-span, Anél van Niekerk en Alma Meyer in die o/18B-span en Tanya van Niekerk en Anne-Marie de Jager in die 0/18C-span. Brigitte Boardman het die o/16A-span gehaal en Antoinette Cullen die o/15A-span. Namens die Stroom-op-redaksie en al die Affies wens ons hierdie speelsters baie geluk! Ons is baie trots op julle!

Ons is amper aan die einde van 'n strawwe seisoen en dink terug aan al die pret en plesier, neerlae en p r e s t a s i e s . Niemand hou van neerlae nie, maar die mooi spangees wat aangevuur word deur die h o k k i e - tradisie van spanpraatjies, is 'n eienskap wat ons aanspoor om neerlae in oorwinnings te omskep. Affies se hokkie is 'n sport vol gees - die soort gees wat net in die harte van die Affies kan floreer. Baie dankie vir 'n o n v e r g e e t l i k e seisoen!



## Ondersteuning

- Karin Jordaan -

Gedurende die afgelope kwartaal was daar talle geleenthede waar ondersteuning gebied kon word. Hier dink ons veral aan Saterdagoggende, wanneer hokkie en netbal gespeel word. Ook die Afrikaanse en Engelse toneel en die kooroptredes was geleenthede waar jy jou gesig kon wys. Dit het egter nie die gewenste reaksie tot gevolg gehad nie. Affies kon dalk meer wedstryde gewen het as die ondersteuning daar was. Dit was elke keer net dieselfde getroue onderwyseresse en leerlinge wat pligsgetrou langs die baan gestaan het. Gelukkig (of is dit nou ongelukkig?) het die trae bywoning nie die Afrikaanse en Engelse toneel en die kooroptredes beïnvloed nie. Komaan, Affies! Wys jul slag langs die baan, op die pawiljoen of in die stoel!

# N e t b a l

- Madri Bleeker -

Tydens die 1994 netbalseisoen was dit weer eens duidelik: wen of verloor, Affies bly bo! Dit is te danke aan die FEIT dat ons nie net puik netbalspeelsters het nie, maar ook entoesiastiese ondersteuners en geesdriftige afrigters.

Die seisoen het afgedoel met onder andere 'n Simba-laerskole-netbaldag. Dit was 'n groot sukses en toekomstige netbalsterre het dit baie geniet.

Die eerstes het die seisoen vol entoesiasme aangepak met 'n toer na Bloemfontein in die Aprilvakansie. Daar is baie hard geoefen en spelpatrone is uitgewerk (en ingeoefen!). Dit het handig te pas gekom in die kragmetings teen verskeie spanne. Die toer is op 'n hoë noot afgesluit deur 'n toernooi op die Saterdag. Al hulle ondervinding het gesorg dat Affies se naam hoog gehou is.

Terwyl sommiges van ons soggens kon bly lê het, het die netbal-Affies alreeds punte aangeteken. In die eerste wedstryde was die opposisie net-net te sterk en Affies moes die knie buig. Die afrigters se aanmoediging en motivering het verseker dat Affies in elke wedstryd net beter gevaar het.

Al die netbalspeelsters het hulle goed van hulle taak gekwyt. Ons kan egter die volgende speelsters uitsonder wat Noord-Transvaalse Kleure vir netbal verwerf het: Danielle Geldenhuys en Suzaan Myburgh.

Aan al die netbalspanne: baie geluk met welverdiende oorwinnings! Al die ure op en om die baan was die moeite werd. By die ter perse gaan van hierdie berig was die o/13A-span nog o n o o r w o n n e. Netbalspeelsters, Affies is trots op julle!





Die Matrieks speel netbal

# Fisio-"freaks"

## Waar sal ons sonder Sonnet wees?

Chris Swart

*Ons sal graag hierdie geleentheid wil gebruik om vir Sonnet Meyer (Fisioterapeut onder Loftus) vir alles (en nog wat) te bedank vir wat sy vir meer as die helfte van Affie-land se sportgedrewe gemeenskap beteken.*

*Waar sou ons sonder haar wonderhande gewees het? Hier word 'n sekere groep uitgesonder; die AHS eerstespan. Groot manne wat skrik vir niks, wilder as die duiwel in die sprokies. Maar raak so mak soos lammetjies.*

*Het u iemand nodig? 'n Ma (vir 'n koshuiskind), 'n suster, 'n liefdesberader, iemand om die druk "op 'n Affietiener vir jou te verlig, of dalk net 'n blonde ontvangsdametjie (D 2000)? Kontak Sonnet. En o ja! Jy moet natuurlik 'n spierbesering hê!*

*Met die besigheid gaan dit goed ten spyte van die knou wat sy gekry het noudat niemand meer in skooltyd mag gaan nie. ("Komaan manne, akademie bo!)*

*Sonnet, ons dra die volgende op aan jou: "Touch me now, with your gentle healing hands...!*

# Uiteindelik ook Hokkie

Amir Zarrabi

**Dinsdag, 22 Maart, net voor die huistoegaanklok lui, kom die afkondiging: "Daar is vanmiddag 'n hokkie-oefening vir alle belangstellendes". So, en op dié geskiedkundige dag word Affie-hokkie gebore...**



Aanvanklik was daar maar sowat 20 wat vir die oefening opdaag. Al was die vaardighede nog nie daar nie (en al is daar baie met die hokkiestok in die rugbyveld "geploeg" en "geskoffel"), het die entoesiasme vir die gebreke gekompenseer...

Die afrigter is mev Aryna Edwards, wat vir Suid-Afrika in die groen en goud op die hokkieveld uitgedraf het en ook later as SA-keurder haar slag gewys het. Mej Anette Haverson staan haar by. Sy speel vir Harlequins se eerste hokkiespan en was ook in die Suid-Afrikaanse Skole Hokkiespan. Die afrigters het gou-gou gewys waarom hul sukses behaal het - talent en oefening en nogmaals oefening. Die manne het gou besef : fiksheid, goeie voetwerk, "tackle" en "pass" is van groot belang...

Na omtrent 'n maand se oefening, het die groot dag aangebreek: 'n hokkiewedstryd teen Boys' High (se vierdes). Affies moes hulself bewys en na 'n naelbytstryd en vyftig minute later, kon hul van die veld stap met die telling: 1 elk.In die weke wat gevolg het, het die spelers meer vaardighede aangeleer en ingeoefen. Hulle speel ook verskeie wedstryde teen skole soos Hillview, CBC, Swartkop, Willowridge en Erasmus van Bronkhorstspruit. Alhoewel net enkele van die wedstryde gewen is, het die spelers waardevolle ondervinding opgedoen en het dié spel week na week verbeter.

Affies se eerste en tweede hokkiespanne maak ook op 11 Junie geskiedenis toe Affies en Boys' High vir die eerste maal in die geskiedenis van dié twee skole, 'n amptelike wedstryd teen mekaar speel. Dié wedstryd het dan ook saamgeval met die jaarlikse tradisionele rugby kragmeting tussen die twee skole.


*Baie dankie aan dr Edwards dat daar nou ook vir die hokkiespelers die geleentheid gebied word om hulle talente te ontwikkel. Wees verseker - dis nie die laaste wat daar van Affies-hokkie gehoor sal word nie.*

# Yshokkie


**Dougie Coetzee, het reeds in die North Stars se eerste yshokkie ligawedstryd teen die Vikings van Boksburg vier doele aangeteken.**

Kenners beweer dat daar nog baie van die Affie gehoor gaan word. 'n Bewys van sy talent: hy het ses keer probeer om die skyf in die doelhok te kry en vier keer geslaag - 'n seldsame gebeurtenis.

'n Ander yshokkiespeler van wie daar kennis geneem moet word, is Jonathan Rademeyer (st 9).




*Dougie Coetzee*



*Jonathan Rademeyer*

# Noem dit, Affies doen dit en oorwin dit




**Enkele kleurverwerwers wat reeds die louere ingeoes het. 'n Paar afwesiges op die foto, is besig om hul prestasies verder uit te bou.**

Die uitblinkers speel in provinsiale en nasionale spanne: rugby, krieket, tennis, tafeltennis, sagtebal en gholf. Onder dié groep is ook swemmers, jeugorkeslede, jeugkoorlede. Judo, karate, twee kamp, driekamp, yshokkie, onderwaterhokkie en noem dit, is verteenwoordig.

# AHS Basketbal

## Het baan - wil speel!



**Die afgelope jaar het almal gewoond begin raak aan die enorme nuwe sportsaal op die wal van die A-veld. Die opgewondenheid oor die reus wat net so uit die niet opgerys het, was veral vanuit al die basketbal geesdriftiges se geledere. Uiteindelik ons eie plek waar ons vrye toegang het en nie weggejaag gaan word soos elders in die stad nie.**

Helaas! "Niemand word toegelaat sonder 'n onder-wyser se toesig nie"

""Meneer, wie gaan toesig hou, Meneer, en wanneer, Meneer".

"Niemand op die oomblik nie, daar moet nog 'n afrigter gesoek word"

"Maar wanneer?"

"Binnekort" (4 maande gelede).

Mense selfs, die BLOU het al 'n afrigter en hulle speel heerlik in ons nuwe saal, en ons moet "inslip".

Asseblief as enige Affie van enigiemand weet van 'n afrigter, baat weet asseblief die nodige gesagstrukture. Kom ons benut ons geriewe en geleenthede.

# Rugbykonings bobaas!




Foto: Wilhelm de Swardt, Metro

## Wit Bulle



## Rugby-uitslae spreek boekdele

*Mnr Francois Deysel*

| Span | Gespeel | Gewen | Gelykop | Verloor | Liga punt | Punte vir | Punte teen | Punte verskil | Liga posisie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1e | 7 | 7 | 0 | 0 | 14 | 243 | 66 | 177 | 1 |
| 2e | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 167 | 37 | 130 | 1 |
| 3e | 6 | 5 | 1 | 0 | 11 | 167 | 18 | 149 | 1 |
| 4e | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 169 | 0 | 169 | 1 |
| 5e | 3 | 3 | 0 | 0 | 6 | 81 | 24 | 57 | 1 |
| 6e | 1 | 1 | 0 | 0 | 2 | 36 | 0 | 36 | 1 |
| o/16A | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 128 | 12 | 116 | 1 |
| o/16B | 3 | 3 | 0 | 0 | 6 | 92 | 10 | 82 | 1 |
| o/15A | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 226 | 41 | 185 | 1 |
| o/15B | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 203 | 16 | 187 | 1 |
| o/15C | 4 | 4 | 0 | 0 | 8 | 82 | 17 | 65 | 1 |
| o/15D | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | 5 | 15 | -10 | 2 |
| o/14A | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 234 | 8 | 226 | 1 |
| o/14B | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 265 | 0 | 263 | 1 |
| o/14C | 5 | 4 | 0 | 1 | 8 | 139 | 10 | 129 | 1 |
| o/14D | 2 | 0 | 1 | 1 | 1 | 12 | 20 | -8 | 2 |
| o/13A | 6 | 4 | 0 | 2 | 8 | 78 | 50 | 28 | 2 |
| o/13B | 3 | 3 | 0 | 0 | 6 | 82 | 7 | 75 | |
| 18 | 83 | 76 | 2 | 5 | 154 | 2409 | 351 | 2058 | 15x1e 3x2e |

## Sportman van die Kwartaal

### Deon Strydom

Chris Swart



**Stroom-op gee hierdie kwartaal besondere erkenning aan Deon Strydom vir sy uitsonderlike rugby-prestasies. Beoordeling op hierdie meriete son-der hom ook dan uit as Sportman van die Kwartaal.**

Ons het 'n paar vrae aan hom gestel:

SO: Deon, waar het dit alles begin? Vertel ons bietjie van jou laerskoolrugby.

DS: Ek het die eerste keer as losskakel in gr 1 vir die laerskool Randhart uitgedraf. Ek het eers in st 4 en 5 begin losvoor speel (flank). In 1989 is ek gekies om die Transvaal XV-tal op die Cravenweek te verteenwoordig..

SO: Wat sou jy as die beste ding wat tot dusver met jou gebeur het beskou?

DS Definitief toe my ouers my Affies toe gestuur het. Dit het vir my rugby en ook vir my as mens baie beteken en dit sal altyd 'n baie groot rol in my benadering tot die lewe speel.

SO: Wat geniet jy die meeste van Affie-rugby?

DS: Die spangees, kameraadskap, veggees en die manier waarop gespeel word. Die belangrikste natuurlik, Affie guts!

SO: Jou prestasies op hoërskool?

DS: Ek het agsteman in die o/14, o/15 en 16A-spanne gespeel en toe die afgelope twee jaar flank vir die eerstes.

*Deon is ook verlede jaar gekies vir die Noord-Transvaal A-span, en hierdie jaar val die besondere eer hom te beurt om die jong Blou Bulle as kaptein op die Cravenweek te lei.*

SO: Wat is jou doelwitte?

DS: Ek wil eendag Springbok-rugby en krieket speel. Ek wil dan net ook sê ek het alles te danke aan my Skepper wat my krag gee en dankie vir die ouers wat my altyd ondersteun.

* Deon is nie net 'n uitmuntende rugbyspeler nie, maar lei ook die Nuffield krieketspan. Sy besonderse sportmangees en sy sterk spel, maak van hom 'n gewilde en navolgenswaardige sportman.

Ons wens hierdie veelsydige sportman en lojale Affie alle sterkte toe vir die toekoms en ons glo dat hy sy doelwitte sal bereik.



*Suzaan Myburgh en Danielle Geldenhuys is altwee verkies tot die Noord-Transvaalse Netbalspan.*



*Ronél Spijkerman is gekies om die Noord-Transvaalse Tennisspanne tydens die SA-Juniorkampioenskappe te verteenwoordig.*



**Ons Noord-Transvaalse Hokkiespelers:**
*Voor: Anél van Niekerk, Suzanne Cullen, Antoinette Cullen, Retha van Niekerk.*
*Middel: Anne-Marie de Jager, Marleen Zarrabi.*
*Agter: Alma Meyer, Brigitte Boardman.*

## Sportvrou van die Kwartaal

### Jean Els



Jean het al hordes kere die Stroom-op gehaal en het al selfs haar eie hoekie in die koerant gehad - daar is egter altyd iets nuuts om te vertel. Sy is beslis 'n waardige sportvrou van die kwartaal!

Hierdie lewensredder het 'n lys prestasies wat min mense kan ewenaar. Sedert Suid-Afrika se terugkeer tot die internasionale kompetisie, het sy ons land al op verskeie internasionale byeenkomste verteenwoordig - een maal in 1992 en twee maal in 1993. In 1994 was sy 'n lid van die span wat aan die Wêreldspele deelgeneem het. Daar het sy 'n algehele derde plek verower en die span 'n vyfde plek — 'n puik prestasie!

Toe ek Jean vra hoe ons lewensredders vergelyk met die van ander lande, was haar antwoord: "Ons is sag — ons is nie professioneel nie. Ons het die tye, maar nog nie die houding en die ondervinding nie."

Maar hoe hanteer sy die druk? Sy glimlag breed en verduidelik dat dit soms help om voor die TV te sit en "sleg te wees". Sy dink haar ook in hoe sy deur die water duik en hoe sy dit teen haar voel. Vir haar is geluk duidelik om naby water te wees!

Jean het oorgenoeg toekomsplanne. Sy gaan volgende jaar in België werk en daar op nasionale vlak deelneem om so nog ondervinding op te doen.

'n Byvoordeel van Jean se lewensredding is dat sy baie kan reis: sy was al in België, Holland, Italië, Griekeland en Spanje. Van al hierdie lande bly België egter haar gunsteling. "Hulle dink soos ons, kuier lekker en hulle sing ook Sarie Marais!"

Sterkte met alles wat jy nog beplan, Jean!

## Wedstryd... punt... stel



*Kevin hou die Direkteurstrofee nie verniet so besitlik vas nie. Eintlik is dit Affies s'n - ons het dié trofee reeds 11 uit 12 keer verower...*
*Met al die oorwinnings reeds op die tennissterre se kerfstokke, is daar beslis goeie vooruitsigte vir die Direkteurskompetisie.*

**Affie-tennisspelers maak skoonskip van die ligawedstryde en dring so deur tot die finale in die onder 15 en bo 15 ligas.**

Drie Affies maak deel uit van die sewe Noord-Transvaal Skole Tennisspan: Kolie van Zyl (nr 1), Kevin Delport (nr 2) en Nico Pruis (nr 6). Hulle sal in die SA Tennis Skoleweek, gedurende die eerste week in Julie, op Wanderers, hul slag wys.

Hierdie tennissterre gaan van krag tot krag. Celliers Swart is die nommer 3 gekeurde op die o/14 SA ranglys.

Kolie van Zyl is die nommer een gekeurde op die o/16 SA ranglys. Hy is deur die SATV Italië toe gestuur om ondervinding op te doen en punte bymekaar te maak om in 1995 op Junior Wimbledon te kan speel.

Kevin Delport die nommer 16 o/18 gekeurde op die Suid-Afrikaanse ranglys het talle spelers tydens die Noord-Transvaal o/18 Ope Tennistoernooi die loef afgesteek. As nommer 2 gekeurde lid van die Noord-Transvaal Skole Tennisspan, wen hy die enkels en dubbels; en met Suid-Transvaal se nommer 1 gekeurde in Suid-Afrika, reken hy af.

## Skerm in Rusland

**Dawie Booysen (st 10) en Marcus Norden (st 8) beide Suid-Afrikaanse Skermspanlede vir die o/20's. Hulle het reeds vanjaar 'n draai in Moskou gemaak, waar hul teen die Russiese skermspan geoefen het.**

Afgesien van jarelange isolasie en die snelle verandering van skermreëls, het Suid-Afrika tog uitstekend gevaar op die Junior Wêreld kampioenskappe vir Skerm in Meksiko waar 48 lande byeen was.

Dié twee Affies het hul kant gebring: in die Sabelafdeling het Dawie 45ste uit 65 deelnemers geëindig en Marcus 54ste.

Dawie het reeds sedert 1992 Noord-Transvaal kleure; en het die Kaapse Skerm Ope in sabel en die Natalse Skerm Ope in Sabel en Degen gewen. Hy het tweede gekom op die Suid-Afrikaanse Skermkampioenskappe in Sabel en derde in Degen en Floret. Dié oorwinnings is 'n druppel in die oorvol emmer oorwinnings - en daar is beslis nog groot dinge te kom vir Dawie.

Marcus is 'n Noord-Transvaal Skermkampioen sedert 1993 en het reeds die Transvaalse Skerm Ope gewen, en derde gekom tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Sabel. Sy Junior Springbokkleure vir 0/17 en o/20 deelname, is welverdiend.

Dawie en Marcus het, danksy hul skerm, kennis gemaak met Rusland se sneeu, armoede en die tel nog op 'n telraam en die Rooi-Plein.

Meksiko-stad se watons-nie-vandag-doen-nie, doen-ons-more-sindroom toe hul vliegtuigkaartjies gesteel is, was 'n frustrasie. Maar die kussinggeveg waaraan meer as 200 skermers in die middernagtelike ure deelgeneem het, was weer groot pret.

Die twee het beleef hoe deursettingsvermoë en oefening deure kan oopmaak en die wêreld vir jou ooplê om te verander en te geniet.



printed by The Pretoria News (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382